Kliniek besoek Kleuterkasteel

Die Heilbron Kliniek het die Kleuterkasteel se kleuters besoek. Kleuters het vitamiene druppels en ontwurming ontvang. Op die foto is Thia Rossouw (Heilbron Kliniek), Christa van Wyk (Kleuterkasteel) en Hettie Rothmann (Heilbron Kliniek).

Atlete deur na Vrystaat Laerskole Atletiek-kampioenskappe

Tien atlete van Hoërskool Reitz het deurgedring na die Vrystaat Laerskole Atletiek-kampioenskappe wat op 3 Maart in Bloemfontein plaasvind. Hulle is voor vl: Jean Theunissen (Seuns 0/12 150m hekkies), Adriaan Bonthuys (Seuns 0/11 Verspring, 100m en 70m Hekkies), Suné Hills (Dogters 0/10 Verspring en 70m Hekkies) en Quiriané Charilaou (Dogters 0/13 200m en 200m Hekkies). Agter van links: Jessica van der Walt (Dogters 0/13 Hoogspring), Johanné Neethling(Dogters 0/13 75m Hekkies en 200m Hekkies), Megan Haward (Dogters 0/12 Gewigstoot), Elouise Snyman (Dogters 0/12 Diskus) en Wian Nel (Seuns 0/12 Gewigstoot). Afwesig: Jehoshua de Bruyn (Seuns 0/13 Diskus en Gewigstoot).

Kontak Jolandri by 079 846 1075 vir enige nuus-bydraes vir Vrydae se koerant.

Deur na Vrystaat byeenkoms

Die volgende atlete van Hoërskool Heilbron is deur na die Vrystaat byeenkoms in Bloemfontein op 3 Maart. Voor: Michaela Grobler (dogters o/12, diskus en gewigstoot), Danelle Oosthuizen (dogters o/13, spiesgooi), Tiaan Britz (seuns o/11, gewigstoot) en Anel Volschenk (dogters o/12, spiesgooi). Agter: Dewald Jonker (seuns o/13, gewigstoot en diskus), Handré Brits (seuns o/12, gewigstoot en diskus) en Joshau van Wyk (seuns o/13), 800m).

Deur na Noord-Vrystaat atletiek

Die volgende atlete van Hoërskool Heilbron is deur na die Noord-Vrystaat atletiekbyeenkoms wat op die 24ste Februarie plaasgevind het. Voor: Danelle Oosthuizen (dogters o/13, spiesgooi), Sulé Strydom (dogters o/12, diskus). Cariska Janse van Rensburg (dogters, o/10, gewigstoot), en Carli Rochaat (dogters o/11, gewigstoot). Tweede ry: Michaela Grobler (dogters o/12, gewigstoot en diskus), Tiaan Britz (seuns o/11, gewigstoot), Lourens Roux (seuns o/10, verspring) en Anel Volschenk (dogters o/12, spiesgooi). Agter: Dewald Jonker (seuns o/13, gewigstoot, diskus en spiesgooi), Handré Brits (seuns o/12, gewigstoot, diskus en spiesgooi) en Joshau van Wyk (seuns o/13), 800m).

Hoërskool Reitz Landbou-Akademie besoek groot boerdery-entiteit, Fick@Seun Boerdery

Landbou-leerders het die groot voorreg om 'n besigheid soos die van Fick@Seun te besoek.

PG Strauss verwelkom die Landbou-leerders en vertel hul van Fick @ Seun Bdy en dat die besigheid al ses generasies oud is.

Die besigheid is gegrond op vier afdelings nl. Graanverbouiing, aartappelverbouiing, appels en kersies en bestaan ook uit 'n vee-afdeling.

Landbou-leerders besoek ten eerste die vee-afdeling waar PG Strauss uitbrei oor Bo-velder ras en ook gesels oor weidingspraktyke en Bos Indicus sowel as Bos Taurus. Hierna word die aartappel land besoek en lig mnr. Steve Terblanche die leerders in oor hoe belangrik monitoring van gewasse is en korrekte bespuitings. Mnr Botha vertel leerders verder oor graangewasse en ook van die belangrikheid van entstof by sojabone sodat rhizobium kan vorm.

Ten laaste word die appelboord besoek en daar vertel Maasdorp Maree van die belangrikheid van korrekte kultivar vir die omgewing, die neiging na rooi appels en dat besparing van water met toediening 'n baie belangrike rol speel in al vier die landbou-afdelings.

Leerders vind hierdie praktiese blootstelling aan die verskillende boerdery aktiwiteite baie leersaam en sinvol, geniet ook die plaaslewe ten volle.

Die landboudag word gesellig afgesluit met 'n heerlike braai en wildsbesigtiging.

Hierdie is voorwaar 'n uitstappie waaroor daar nog lank gesels gaan word.

Boogskiet

Tersie van Jaarsveldt, 'n leerder van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn neem deel aan die Free State Field Championship in boogskiet die afgelope naweek. Sy skiet in die klas Club Female Freestyle Unlimited (10- 13 jaar) en behaal 'n eerste plek.